

Vrydag 16 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 119:161-168 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 119:166

Hoop – lewensanker van verlossing

Wat doen gelowiges in tye van swaarkry en vervolging? Die psalmdigter praat van konings wat hom sonder oorsaak vervolg (vs 161). In die Afrikaner se geskiedenis – 177 jaar gelede by Bloedrivier – was daar ook so ’n krisismoment.

Wat doen die gelowige egter ... ook wanneer daar geen *menslike* hoop op uitkoms moontlik is nie? Hy plaas sy hoop op God alleen. Die gelowige kan met vertrouwe hoop, want hy stel sy vertrouwe op die troue Verbondsgod: “O Here, ek hoop op u heil.” In vers 162 spreek die psalmdigter sy vreugde oor God se belofte uit.

God doen wat Hy belowe. Hy het besluit om sy verbond met sy uitverkore verbondsvolk te sluit. Ook ons wat deur die geloof in Jesus Christus aan Hom behoort, het deel aan die beloftes van daardie verbond. Daarom kan ons hoop. “Hoop” dui op iets wat ’n mens noukeurig ondersoek het en dan geduldig wag dat dit moet gebeur. Daardie hoop is nie maar ’n miskien of ’n moontlikheid nie, maar ’n afwag met die sekere wete dat dit *beslis* gaan gebeur. Daardie hoop staan vas, omdat dit gewortel is in God se beloftes volgens sy Woord.

God het verlossing belowe. Die heil/verlossing wat hier ter sprake is, wys op redding uit liggaamlike beproewings, maar uiteindelik ook op geestelike redding. Die naam Jesus (Josua in die Ou Testament) word van die woord heil/verlossing afgelei. Dit is presies wat God gedoen het. In Jesus Christus red Hy uiteindelik van die sonde self, maar ook van die gevolge van die sonde ... van aardse swaarkry en beproewings.

Gelowiges oor al die eeue het gehoop ... en hoop steeds, want die verlossing in Jesus Christus staan rotsvas. Daarom hoop ons ... *weet* ons ... dat die ewige lewe, asook ewige verlossing, op ons wag.

Sing: Psalm 119:60

Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)